**LAERSKOOL** **KRUGERPARK**

# LAERSKOOL KRUGERPARK MIV BELEID

## 1. Inleiding

Alle rolspelers van Laerskool Krugerpark, synde volwassenes sowel as kinders moet bewus wees van die gevare rakende MIV en die voorkoming daarvan. Alle rolspelers moet mede verantwoordelikheid aanvaar om die siekte te bekamp en hul by die bepalings van hierdie beleid neer te lê.

## 2. Doelstelling

Laerskool Krugerpark word ten doel gestel om inligting aan die leerders weer te gee sodat hulle verantwoordelik normgesentreerd kan optree en sodoende hul leefwêreld sonder vrese kan beleef.

- Die leerders moet geslagsvoorligting ontvang sodat hulle verantwoordbare besluite kan maak.
- Hulle moet lewensvaardighede ontwikkel wat lei tot 'n positiewe selfbeeld en gesonder verhoudings.
- Leerders moet lewensvaardighede geleer word wat hulle in staat sal stel om hul eie probleme te kan oplos en te kan deel met konflik situasies.
- Om leerders te leer om situasies te vermy wat kan lei tot MIV infeksie en sodoende word MIV/VIGS voorkom in skoolgaande jeug.
- Leerders moet aangemoedig word om 'n Christelike normgesentreerde lewenstyl te handhaaf en seksuele bedrywighede nie as 'n oorweging te aanvaar nie.

## 3. Onderrig Metodologie

- Dit behels hoe die kennis oorgedra gaan word.
- Geslagsvoorligting is 'n integrale deel van opvoeding. Inherent speel alle leerarea fasiliteerders 'n rol in die vorming van normvaardighede by 'n kind. Ook hulle persoonlike voorlewe speel 'n belangrike rol.
- Spesifieke lewensvaardighede personeel kan gebruik word om die feitelike kennis oor te dra. Hulle moet altyd onthou hul onderrig nie net <u>feite</u> nie maar ook norme en houding teenoor die lewe. Leerders mag ook verdeel word, seuns en dogters apart om meer indringend die geslagsontwikkel van beide geslagte te bespreek.
- Gebruik gassprekers om die leerders / Ouers toe te spreek.

**4. Emosionele berading**

'n Voog onderwyser kan verwag dat leerders met hul persoonlike probleme vir hulp na hom/haar sal gaan.
Probleemvrae moet sover moontlik kort en kragtig beantwoord word. Reël hulpverlening deur sielkundiges of ander beraders indien nodig.

**5. Beleidsbeginsels**

- In Suid-Afrika word menseregte beskerm en gewaarborg deur die konstitusie.
- Alle mense het regte, leerders sowel as opvoeders.
- Regte bring verantwoordelikhede mee. Om ons menseregte te kan geniet, moet ons almal ons verantwoordelikhede nakom.
- Die konstitusie waarborg die reg van toegang tot inligting, vryheid van gewet, gedagte, religie, oortuiging en opinie.
- Die konstitusie bied spesiale beskerming aan die regte van kinders. Dit plaas 'n verpligting op elkeen om te alle tye in die beste belang van 'n kind op te tree.
- Kinders het die reg tot inligting in verband met seksuele gesondheid en voorkoming van MIV.
- Ons kan leerders ontmoedig om seksuele omgang te hê, maar korrekte inligting betreffende veiliger seks moet aan leerders deurgegee word, aangesien hulle hul eie besluite sal neem.
- Dit is hulle konstitusionele reg en ons konstitusionele verantwoordelikheid as opvoeders.
- Dit is ouers se primêre verantwoordelikheid om kinders op te voed oor wat reg en verkeerd, aanvaarbaar of onaanvaarbaar is.
- As opvoeders het ons 'n baie groot morele verantwoordelikheid om die gesondheid en lewens van kinders wat ons onderrig te help beskerm en om die beste moontlike advies/raad aan ouers en leerders te gee.
- As gevolg van ons Godsdienstige oortuigings is dit vir ons onvanpas om oor sake rakende seksuele moraliteit en seks te praat, maar ons kan nie jong mense wat in ons sorg is, blootstel aan lewensbedreigende situasies terwyl ons oor inligting beskik wat hulle kan beveilig nie.
- Dit is onwaar dat seks onderrig aan jongmense hulle verward en immoreel sal maak. Of ons dit wil aanvaar of nie - in ons gemeenskap sowel as in baie ander lande begin jongmense op 'n vroeër ouderdom seksueel aktief raak. Seksuele onderrig wat inligting deurgee en wedersydse respek bevorder sal mense in staat stel om beter besluite te neem betreffende die beoefening van veilige seks, indien wel.
  Die bedreiging van MIV beteken nie dat ons van ons morele standaarde moet afstand doen nie, inteendeel 'n sterk en duidelike morele standaard was nog nooit meer

noodsaaklik nie. Dit moet egter die verpligting insluit om jong mense die belangrikheid daarvan te leer om dienooreenkomstig op te tree.

- As vertrekpunt moet kennis geneem word dat seksualiteit lewensverrykend is indien dit sinvol beoefen word binne die huwelik. Binne die huwelik kan 'n gesonde seksuele verhouding bestaan wat tot verryking en versterking van die huweliksband sal lei.

**6. Toepassing van die beleid**

Die sukses en toepassing van die beleid hang af van die morele standaarde wat gehandhaaf word in die leerder- en ouer gemeenskap. Van Laerskool Krugerpark se kant af sal sover moontlik gepoog word om 'n Christelike morele waarde (verantwoordbare) standaard aan die leerders voor te hou met die hoop dat hulle daarvolgens sal leef en sodoende die nadelige effek van VIGS vry sal spring wat mag ontstaan as gevolg van 'n losbandige lewenstyl.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

________________________________ _________________________

Beheerliggaamvoorsitter — Hoof: Laerskool Krugerpark